# 8 Junie 2023 - Lesing 43 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***
Geestelike dwang – 13/11/57

**No: 6967** Julle bevind julle in geestelike slawerny, solank julle wil geweld aangedoen word van die kant van julle medemens, **solank julle nie die reg het om vrylik te besluit nie**.

Daarom kan dit nooit My Wil wees dat julle, deur bedreiging met ewige strawwe, daartoe gebring moet word om aan te neem of af te wys wat aan julle voorgeskryf word nie. **Julle moet heeltemal vry julle besluite neem,** want julle wil moet besluit, dus moet elkeen afsonderlik vir homself besluit, omdat die lot van die siel na die dood daardeur bepaal word. Ek Self plaas julle nie onder dwang nie en Ek het julle ook **geen gebooie gegee wat afbreuk sou doen aan julle wil** nie. Want **My gebooie van liefde** vra julle vrye wil. **Want liefde kan nie onder dwang geplaas word nie**, wat vir elke mens volkome duidelik moet wees.

**Maar die liefde ontsluit eers die kennis van die waarheid.** En so baat dit julle mense niks, as julle **voorgeskryf word** wat julle moet glo en wat julle as waarheid moet aanneem nie. Want net 'n mens wat in die liefde leef, sal kan beoordeel of die oorgebronge geloofsleringe beantwoord aan die waarheid.

**En hierdie ondersoek moet elke mens self uitvoer en hy mag nie daarby gehinder word deur verbode of gebooie nie.** Want laasgenoemde is “geestelike dwang”. En sulke geestelike dwang het teweeggebring dat die mense hulleself in 'n chaos van dwaalleringe bevind en self nie die moeite doen om 'n uitweg hieruit te vind nie, omdat hulle die “straf” vrees, waarmee hulle gedreig word.

Die vryheid van denke word aan elke mens toegestaan en slegs sy eie beoordeling kan vir hom tot seën word. **Elke dogmatiese leer is geestelike dwang**. Dit maak nie saak of dit ooreenstem met die waarheid of nie. Ek bied julle mense steeds weer die suiwer waarheid aan, maar **Ek dwing julle nie** om dit aan te neem nie, juis omdat julle **vry moet besluit** in jul lewe op aarde. En dwangmaatreëls is steeds 'n toegewing aan swakheid, van die mens se onvermoë om via ander weë sy doel te bereik.

Wie My ernstig wil dien, moet sy bes doen **om sy medemens in alle liefde te wys op die seën van korrekte denke en handelinge.** En steeds weer moet hy aan hulle **My evangelie van die liefde** verkondig. Hy moet hulle aanspoor om ‘n lewenswandel in liefde te lei, maar hy moet elke dwangmaatreël agterweë laat. Hy kan sy medemens versoek om steeds weer na die verkondiging van die Goddelike Woord te luister, hy moet hulle net liefdevol daartoe aanspoor, maar hy mag hulle nie onder bedreiging van Goddelike straf daartoe aanspoor, of hulle dwing deur gebooie, want dit is nie volgens My Wil nie.

**Daarom kan Ek ook nie saamstem met die kerklike gebooie wat deur mense uitgevaardig is**, wat almal slegs tot pligsvervulling aanspoor, maar die vrywillige oorgawe aan My dikwels ondergrawe.

En nog minder kan Ek die verbod goedkeur om geestelike geskrifte van ander geestesrigtings te sien. **Want die waarheid daarvan moet elke mens self ondersoek**. En hy sal dit ook kan ondersoek, wanneer dit die mens se erns is om die waarheid te bekom en wanneer hy My om bystand sal vra.

Vrye denke en wil is bepalend vir die resultaat van die lewe op aarde van 'n mens, **want Ek waardeer slegs dit wat die vrye wil tot stand gebring het**, terwyl dit vir My sonder waarde is, wat slegs as plig of die vervulling van 'n gebod onder dwang gedoen is. En wie eenmaal sy bes doen om 'n lewe in liefde te lei, sal dit ook helder en duidelik insien **dat slegs die liefde deurslaggewend is vir die mens om in die waarheid te verkeer**. Hy sal dan ook insien dat alle gebooie ongegrond is, omdat 'n liefdevolle mens **vanself doen** wat My Wil is. Hy sal ook weet dat elke mens self in ‘n innerlike stryd moet kom vir die uitspreek van 'n vrye wilsbesluit.

Want die liefde is die enigste band met My - Ek, Wie Self die Liefde is - en sodra hy nou saam met My sy lewensweg gaan, omdat hy in die liefde leef, sal ook sy wil so gerig wees dat **hy geen menslike gebooie meer nodig sal hê nie**.

Van My uit is julle te alle tye vry, maar **My teenstander probeer julle deur dwang vir homself te wen**. En omdat hy geen dwang op julle kan uitoefen nie, probeer hy om julle deur mense wat van hom afhanklik is, te bereik. **Wys daarom alle dwang af**, want dit is 'n teken van die werksaamheid van hom wat probeer om julle in die verderf te stort. Amein.